**14 Mei**

## Geniet jou lewe maar ... weet jy gaan sterwe!

**Skrifgedeelte: Prediker 11**
**Fokusgedeelte: Prediker 11:7, 8**

In hierdie laaste gedeelte van sy boek gee die Prediker die mees positiewe raad van sy hele geskrif, al bly die kenmerkend swaarmoedige ondertoon dieselfde.

Geniet die lewe as gawe van God! Veral die mooi tyd van die jeug mag en moet voluit geniet word. As egte Israeliet het die Prediker die lewe lief nieteenstaande sy gevoeligheid vir die skadukant daarvan. ’n Wyse se lewe is sober, maar nie somber nie. Geniet die lewe, want ons leef in ’n gebroke en sondige wêreld. Dae van duisternis kom vir almal, ook vir die gelowige. Die gedagte van die dood en die doderyk moet nie jou lewensvreugde bederf nie, maar jou eerder aanspoor om jou lewenstyd voluit te geniet. Want teenoor die “lig” - die geniet van die lewe – kom die “dae van die duisternis”, dit is die graf, die doderyk met sy duisternis en vergetelheid, die land van donkerheid, van doodskaduwee en wanorde (Ps 88; 143; Job 10).

Wat is die Prediker se oplossing? Net dit: om die lewe te geniet in hierdie gebroke en stukkende wêreld, is: “Vrees God en hou sy gebooie.” Hierin lê die ware vreugde van die lewe, want dit is God wat die lewe gee, maar wat ook weer hierdie lewe neem. Leef in sy vrees. Leef nie eiegeregtig of wispelturig nie, maar leef met jou Skepper voor oë, “voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie.”

Die vergoeding vir jou oudag is die onvergeetlike herinneringe van ’n lang en geseënde lewe wat aan jou Skepper toegewy is. Reeds in jou jeug moet jou hart en lewe aan God gewy word. Dan sal jou oudag geen verskrikking en vrees oplewer nie, maar die genade, krag, liefde en teenwoordigheid van God sal genoeg wees vir elke tree op die weg, elke moontlike omstandigheid. Is dit ook u ervaring?

Ons moet aan Hom dink, want wanneer die ouderdom kom, kom die moeisame tye wat onvermydelik op die dood uitloop. Dink aan jou Skepper. Hy is jou enigste antwoord! Leef in ’n lewende verhouding met Hom, dan sal jou lewe vir nou en vir altyd ’n vreugde wees!

*Sing: Psalm 138:4 (1936-beryming)*

*Ds. Kobus Venter (Vryburg)*